

4. DIE BETEKENIS EN IMPLIKASIES VAN DIE VERSLAG VAN DIE HOOFKOMITEE VAN DIE RGN-ONDERSOEK NA DIE ONDERWYS, (1981), MET BETREKKING TOT OUERSEGGENSKAP IN DIE STELSEL VAN ONDERWYSVOORSIENING AAN BLANKES IN KAAPLAND

4.1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die betekenis en implikasies van die Verslag van die hoofkomitee van die RGN-onderzoek na die onderwys, (1981), met betrekking tot ouerseggenkap in die stelsel van onderwysvoorsiening aan Blankes in Suid-Afrika eers in die algemeen en dan vir Kaapland in die besonder, onder die loep geneem. Daar sal voorts aandag geskenk word aan:

- * die Afrikaner-onderwyskongres van 1982;
- * die Witskrif oor onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika, van 1983;
- * die Afrikaanse Ouervereniging wat op 6 Junie 1983 op Kemptonpark begin funksioneer het; en
- * die Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwys-sake van 1984.

4.2 DIE HOOFKOMITEE VAN DIE RGN SE ONDERSOEK NA DIE ONDERWYS IN 1981, VERAL MET BETREKKING TOT OUERSEGGENSKAP

4.2.1 Inleiding

Gedurende Junie 1980 het die Kabinet die inisiatief geneem en die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) versoek om 'n diepgaande ondersoek in te stel na die onderwys in die Republiek van Suid-Afrika. Die ondersoek is gelas omdat die onderwys in Suid-Afrika nie meer aan al die geregverdigde onderwysbehoefte van sy inwoners voldoen het nie. J.P. de Lange het as voorsitter van die hoofkomitee die RGN-onderzoek na die onderwyspraktyk in Suid-Afrika gelei. Gedurende Julie 1981 is die verslag voltooi en aan die Regering voorgelê.

Een van die belangrikste aanbevelings in die Verslag van die hoofkomitee van die RGN-onderzoek na die onderwys, (1981), is die beginsels vir onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika. Slegs die beginsels wat betrekking het op ouerseggenskap sal onder die loep geneem word (vgl. par. 4.2.2).

4.2.2 Die beginsels vir onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika met betrekking tot ouerseggenskap in die onderwys

4.2.2.1 Inleiding

In hoofstuk twee van die RGN-onderzoek na die onderwys in die Republiek van Suid-Afrika, (1981), word elf beginsels, wat die grondslag van 'n stelsel van onderwysvoorsiening in die Republiek behoort te lê, aanbeveel. Die beginsels staan nie los van die vraag na onderwys nie en hou ook rekening met die wyse waarop die Republiek van Suid-Afrika in die vraag na onderwys voorsien. In 'n groot mate reflekteer die beginsels 'n nuwe benadering met betrekking tot die aangeleentheid van onderwysvoorsiening (RGN, 1981 : 16-17).

Die elf beginsels moet dien as breë vertrekpunt vir 'n stelsel van onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika. Die beginsels moet

- * 'n breë onderwysbeleid daarstel wat prakties, regverdig en uitvoerbaar is in die Republiek van Suid-Afrika om sodoende die land se inwonerspotensiaal te verwezenlik;
- * vir elke bevolkingsgroep die ruimte laat om sy eie en spesifieke onderwysbeginsels te formuleer binne bogenoemde algemene onderwysbeleid;
- * die ekonomiese groei van die Republiek van Suid-Afrika stimuleer;
- * die lewensgehalte van al sy mense (ook die Blanke ouer in Kaapland) verbeter; en

- * voorsiening maak vir onderwysbeheerstukture in die onderwys (RGN, 1981 : 16).

In die Tussentydse memorandum oor die verslag van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing oor die ondersoek na onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika (1981) (verder genoem die Tussentydse Memorandum) van Oktober 1981 (nadat die RGN-verslag verskyn het) het die Regering hierdie beginsels aanvaar. Die Regering het in die Tussentydse Memorandum dit beklemtoon dat die beginsels in onderlinge samehang met mekaar verstaan moet word en dat geen enkele beginsel geïsoleerd op sigself vertolk moet word nie (Suid-Afrika (Republiek), 1981 : 2).

Die beginsels vir onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika, soos opgeneem in die RGN-ondersoek (1981) en later opgeneem in Wet 76 van 1984, word vervolgens toegelig. Alles het daarop gedui dat die ouer direk of indirek inspraak en seggenskap kan hê in die opvoeding en onderwys van sy kind.

4.2.2.2 **Beginstel 1 : Gelyke onderwysgeleenthede**

"Gelyke onderwysgeleenthede met insluiting van gelyke onderwysstandaarde sal vir elke inwoner ongeag ras, kleur, geloof of geslag deur die Staat doelgerig nagestreef word." (Suid-Afrika (Republiek), 1984 : artikel 2d(i)).

Die aanvaarding van hierdie beginsel impliseer dat die Regering met dieselfde hoeveelheid beperkte geld dieselfde onderwysgeleenthede aan alle bevolkingsgroepe in die Republiek van Suid-Afrika moet gee. Alhoewel statistiese gegewens nie altyd bepaalde faktore (kultureel, maatskaplik en sosio-ekonomies) in ag neem wat aanleiding gee tot die pariteitsverskille nie moet dit dus met groot versigtigheid hanteer word. Daar kan egter op gewys word dat die uitgawe vir die finansiële jaar 1979/80 op die blanke primêre en sekondêre skoolleerling onderskeidelik R534 en R960 beloop,

het teenoor die R92 en R459 respektiewelik vir Swartskoliers (HSRC, 1981 : 30). (Dit sluit kapitale uitgawes en uitgawes vir die onderhoud van geboue en terreine uit.)

'n Groter onderwysbesteding deur die Staat is onmoontlik as gevolg van die volgende redes:

- * in 1978 was daar meer as viermiljoen swart leerlinge aan die gewone primêre en sekondêre skole, teenoor die ongeveer 950 000 Blanke leerlinge (RGN, 1981 : Tabel 3.2 : 61);
- * met die eeuwenteling sal daar na raming tussen sewe- en agtmiljoen swart leerlinge op skool sal wees teenoor die blanke skoliers wat nog steeds minder as 'n miljoen in totaal sal wees (Barnard, 1983 : 17); en
- * indien die leerling-onderwyserverhouding vir die Swartes verbeter moet word van die 48:1 in 1980 na 30:1 teen 1990, dit die onderwysuitgawe van R2,1 miljard vir 1980 sal verhoog na meer as R4 miljard (bereken volgens konstante 1979/80-pryse) in 1990 (RGN 1981, tabel 3,5, : 77).

Indien pariteit in die onderwys bereik moet word, sal agterstande in swartonderwys uitgewis moet word, veral met betrekking tot die instelling van skoolplig en die daarstelling van nodige fisiese fasiliteite (w.o. 6 500 nuwe klaskamers moet wees) (Barnard, 1983 : 32). Dit blyk onmoontlik te wees om in die toekoms vir Swartes óf Blankes luukse skoolgeboue op te rig. Daar moet voortaan gekonsentreer word op meer funksionele geboue.

Groter onderwysbesteding deur die Staat alleen kan egter nie plaasvind nie. Die finansiering van die onderwys deur die Staat, wat per capita vir die verskillende bevolkingsgroepe dieselfde moet wees, sal dus noodwendig deur die tweedevlakbesture (provinsies, streke of gebiede) en derdevlakbesture (plaaslike bestuursrade) aangevul moet word (Barnard, 1984(b) : 334). Blanke ouers sal dus voortaan

meer moet bydra tot die onderwys van hulle kinders. Barnard (1984(b) : 335) verwag dat ouers 'n bydrae volgens 'n vasgestelde persentasie (sê 10%) sal maak tot die totale onderwysuitgawe per leerling. Volgens die verslag van die Direkteur van Onderwys oor die jaar 1984, sou die bedrag in daardie jaar R178-50 per leerling beloop het (Kaap die Goeie Hoop (Provinsie), 1984 : 32). Groter finansiële bydraes vir die onderwys moet deur die ouers gemaak word. Ouers moet dit aanvaar dat ouerbetrokkenheid by die opvoedende onderwys van hulle kinders groter finansiële bydraes impliseer (Barnard, 1984(b) : 335). Verder is die omgekeerde ook waar, naamlik dat groter bydraes van ouers groter ouerbetrokkenheid moet impliseer.

Groter ouerbetrokkenheid deur ouers in die onderwys behels egter nie net die betaling van verpligte skoolgeld nie, maar ook groter inspraak van ouers deur middel van hulle verteenwoordigende liggame soos skoolkomitees en beheerrade (bestuursrade) in die besteding van die finansies. Ouerbetrokkenheid behels dus enersyds medeverantwoordelikheid en andersyds medeseggenskap ten opsigte van die opvoeding en onderwys van sy kind (Kruger, 1983 : 42).

- 4.2.2.3 **Beginnel 2 : Erkenning aan gemeenskaplikheid en diversiteit**
 "Die onderwys verleen positiewe erkenning aan sowel die gemeenskaplikheid as die diversiteit van die religieuse en kulturele leefwyse en die tale van die inwoners."
 (Suid-Afrika (Republiek), 1984 : artikel 2d(ii)).
 Om beginsel twee van die RGN-ondersoek (1981) beter te verstaan word die implikasies van die begrippe 'religieuse differensiasie' en 'lewensbeskoulike verskeidenheid' op onderwysvoorsieningsvlak vervolgens toegelig.

* **Religieuse differensiasie.**

Religieuse differensiasie behoort 'n primêre beginsel by onderwysvoorsiening te wees. Die skool en sy werksaamhede is altyd religieus bepaald, want die skool word gedra en gestuur deur die religieuse grondmotief (sien par. 1.6.3). Die verskillende bevolkingsgroepe het verskillende religieuse oortuigings.

Beginnel twee maak onder meer voorsiening daarvoor dat die ouers van alle bevolkingsgroepe skole (in ooreenstemming is met hulle religieuse hartsgegrepenheid) mag stig, ondersteun en in stand hou vir hulle kinders (Van der Walt, 1984(b) : 13; Schutte, 1984(b) : 123).

Sodoende kry die ouer van elke bevolkingsgroep, ook die Blanke-ouer, seggenskap met betrekking tot religieuse differensiasie en kan die ouer sy kind stuur na 'n skool van sy keuse ooreenkomstig sy religieus-lewensbeskoulike oortuigings.

* **Lewensbeskoulike verskeidenheid**

Die gees en rigting van die skool moet onder alle omstandighede in ooreenstemming met die ouerhuis wees. Die onderwys moet in die lewensbeskoulike uitliewing van alle groeperinge in die Republiek van Suid-Afrika voorsien. Eendersdenkende ouers moet saam kan groepeer om 'n skool ooreenkomsig hulle eie lewensbeskoulike oortuigings op te rig. Gekoppel aan die beginsel van kulturele differensiasie, kan daar in die onderwys voorsiening gemaak word vir die behoeftes van die ouers rakende lewensbeskoulike sake, ook vir die Blanke-ouers van die Republiek van Suid-Afrika (Schutte, 1981(a) : 203-215; Van der Walt, 1984(c) : 2).

Uit voorafgaande paragrawe blyk dit dat die religieuse en lewensbeskoulike differensiasie die idee opper van 'n almal-insluitende onderwysstelsel, met die ruimte vir 'n gedifferensieerdheid op grond van religie en lewensopvatting en kulturele verskille (Van der Walt, 1984(b) : 13).

'n Positiewe erkenning van die diversiteit ten opsigte van die religieuse hou vir die Afrikanerkind in dat die inhoud van sy onderwys steeds 'n Christelike karakter sal vertoon (Landman, 1982 : 7-8). Die Christengelowige ouer ag dit ook belangrik dat die onderwyser dieselfde lewens- en wêreldbeskouing as hy huldig, sodat die opvoedende onderwys wat die kind in die skool ontvang in lyn is met die gees en rigting van die ouerhuis (Van der Walt, 1981 : 5). Daar lê 'n groter verantwoordelikheid by die Christenouer om toe te sien dat die inhoudelike van die onderwys in ooreenstemming is met die beginsels van die Bybel. Vir die Christengelowige ouer is onderwys veel meer as net die versieringe van Godsdiensonderrig en sekere godsdienstige plegtighede.

Beginnel twee laat die ouers uit die verskillende kultuurgroepe self besluit oor die gees en rigting van die skool wat hulle kinders moet besoek. Die aanvaarding van dié beginsel vir onderwysvoorsiening bring ook mee dat die Christenouer groter medeverantwoordlikheid ten opsigte van die opvoedende onderwys van sy kind sal moet aanvaar, veral ten opsigte van kulturele differensiasie en verskillende tale (vgl. par. 1.6.7; Landman, 1982 : 7; Van der Walt, 1981 : 5).

* **Kulturele differensiasie.**

Kultuur omvat die menslike aktiwiteite in totaliteit. Opvoedende onderwys in skole word ook daaronder ingesluit (Van der Walt, 1984(a) : 3). Soos kultureel is onderwys 'n 'eie saak'. Daar behoort dus in die Republiek van Suid-Afrika vertikale differensiasie toegepas te word vir die verskillende kulturele groepe,

elkeen met sy eie gewoontes en tradisies. Kulturele differensiasie in die onderwys hou onder meer in dat die leerinhoud wat in die skool onderrig word in 'n groot mate bepaal sal word deur die kulturele milieu waar hy hom bevind (Van der Walt, 1984(b) : 13).

Kulturele differensiasie in onderwysvoorsiening bied aan die ouer, ook die Blanke-ouer in Kaapland, die geleentheid om seggenskap te hê ten opsigte van die skool wat sy kind moet bywoon. Die ouer het die reg en mag om sy kind na 'n skool te stuur waar die kultuur ooreenstem met die kultuur in sy huis.

* **Verskillende tale**

Beginnel twee laat die keuse aan ouers uit elke bevolkingsgroep in die Republiek van Suid-Afrika om self te besluit oor die spreektaal van die skool wat hulle kinders moet besoek.

Binne die skoolverband sal voorsiening gemaak moet word vir die diversiteit van religie, kultuur en taal. Sodoende sal die onderwys voldoen aan beginsel twee van Wet 76 van 1984 waarin aanbeveel word dat die onderwys positiewe erkenning gee aan sowel die gemeenskaplikheid as die diversiteit van die religieuse en kulturele leefwyse sowel as die tale van die inwoners. Die religieuse en lewensbeskoulike differensiasie vra van die ouer om betrokkenheid by die skool, en dit eis van hom om sy lewensbeskoulike stempel op die skool en sy werksaamhede af te druk.

4.2.2.4 **Beginnel 3 : Keusevryhede**

"Die onderwys verleen positiewe erkenning aan die keusevryhede van die individu, ouers en organisasies in die samelewing." (Suid-Afrika (Republiek), 1984 : artikel 2d (iii)).

Die keusevryheid van die individu, die ouers en organisasies moet gesien en beoordeel word binne die raamwerk van die gemeenskapseise. Die eise van die individu en ook sy

keusevryheid is ondergeskik aan dié van die gemeenskap waarbinne hy lewe. Die eie kultuur wat oorgedra word in elke bevolkingsgroep moet deur elke groep self geassimileer, herinterpreteer, verwerk, toegeëien en toegepas word. Beginsel drie gee binne die raamwerk van die beginsel van eie skole vir elke bevolkingsgroep erkenning aan die keuse- vryheid van onder meer die individuele ouer (Landman, 1982 : 8-9).

Opvoedende onderwys is onlosmaaklik verbonde aan kultuuroordrag. Vir die Christengelowige ouer bly kultuuroordrag gebaseer op sy Christelik-nasionale karakter, sy Christelike lewens- en wêreldbeskouing en sy moedertaalonderrig (vgl. par. 4.2.2.3 en par. 1.6.7). Ook hierdie beginsel plaas 'n groot verantwoordelikheid op die blanke-ouer ten opsigte van die keuse van die skool waar sy kind opvoedende onderwys moet ontvang.

So moet die ouer en organisasies in die samelewing volgens Wet 76 van 1984 oor die keusevryheid beskik met betrekking tot onderwysinrigtings, skoolvakke en studierigtings wat deur die kind gekies moet word. Daar moet dus voorsiening gemaak word vir:

- * gedifferensieerde onderwysvoorsiening vir die verskillende in die vermoë, aanleg en belangstelling van elke besondere kind; en
- * die keuse van die individu, ouer en organisasies in die samelewing, asook vir die geregverdigde gedifferensieerde eise - veral beroepseise - wat gestel word deur die samelewing.

Om individue, ouers en organisasies in die samelewing te help om hulle keusevryheid sinvol en verantwoordbaar uit te oefen, behoort voorligtingsprogramme 'n integrale deel van die stelsel van onderwysvoorsiening te wees (Barnard, 1982 : 2149). Ouerkeuse op sy beurt impliseer ouerseggenskap.

4.2.2.5 Beginsel 4 : Onderwysvoorsiening, behoeftes, ekonomiese ontwikkeling en mannekrag

"Onderwysvoorsiening sal op opvoedkundige en verantwoorde-like wyse gerig wees op die behoeftes van die individu, asook op die van die samelewing en ekonomiese ontwikkeling en sal onder meer rekening hou met die mannekragbehoeftes van die land." (Suid-Afrika (Republiek), 1984 : artikel 2d (iv)).

Die aanvaarding van beginsel vier maak dit moontlik dat die stelsel van onderwysvoorsiening só ingerig moet word dat elke individuele kind gehelp kan word om sy besondere moontlikhede te ontdek en te begryp en persoonlike moontlikhede en bekwaamhede deur inspanning te ontwikkel tot voordeel van homself en die samelewing, en ook in landsbelang.

Ten einde te verseker dat die potensiaal van hulle kinders optimaal ontsluit word, moet die ouers daadwerklik betrokke wees in die opvoedende onderwys (Barnard, 1982 : 2149). Die onderwyser moet, ondersteun deur die ouers, poog om elke individuele kind te begryp sodat onderwys voorsien kan word wat rekening hou met die kind se eie persoonlike kwaliteite (Landman, 1982 : 10).

4.2.2.6 Beginsel 5 : Skool, samelewing en huisgesin

"'n Positiewe verband tussen die formele, nie-formele en informele aspekte van die onderwys in die skool, samelewing en gesin word nagestreef." (Suid-Afrika (Republiek) 1984 : artikel 2)

Voordat beginsel vyf toegelig word, is dit nodig om die begrippe 'formele', 'nie-formele' en 'informele' onderwys te verklaar.

* Formele onderwys verloop bepland in erkende onderwysinstitute soos skole, kolleges, teknikons en universiteite (Suid-Afrika (Republiek) 1984 : artikel 1).

- * Daarteenoor nie-formele onderwys bepland en verloop hoogsaanpasbaar in inrigtings, organisasies en situasies wat buite die formele onderwys- en informele onderwysvoorsiening val, byvoorbeeld indiensopleiding in die werksituasie (RGN, 1981 : 93-94; Suid-Afrika (Republiek), 1984 : artikel 1).
- * Informele onderwys kan gedefinieer word as onderwys wat in lewensituasies gegee word en insgelyks spontaan na vore tree, byvoorbeeld die omgang van die huisgesin en die buitelewe (Suid-Afrika (Republiek), 1984 : artikel 1).

Die RGN-ondersoek na onderwys in die Republiek van Suid-Afrika, (1981), beveel na aanleiding van beginsel vyf aan dat daar in 'n nuwe onderwysbedeling 'n veel nouer aaneenskakeling van formele (skoolse), nie-formele (bedryfs-) en informele (huislike) onderwys as wat tans die geval is, moet wees. Die motivering hiervoor lê daarin dat die behoeftes vir sodanige aansluiting wêreldwyd gevoel word en derhalwe ook in die Republiek van Suid-Afrika van fundamentele belang is (Schutte, 1984(a) : 2; RGN, 1981 : 17). Die aanvaarding van hierdie beginsel deur Wet 76 van 1984 beteken dat die ouers en onderwysers hulleself kan sien as lede van 'n omvattende opvoedings- en onderwys-span. Daar sal groter oerbetrokkenheid moet wees by al die fasette van die onderwys wat die kind in so 'n bedeling sal deurloop. Sodoende kan verseker word dat die kind die beste maak van die geleenthede wat hom gebied word (Van Loggerenberg, 1984 : 34).

In die voorgestelde nuwe skoolstruktuur en -patroon word slegs voorsiening gemaak vir skoolplig van ses skooljare en 'n leerplig van drie jaar (wat die vorm van beroepopleiding mag inneem). Daar moet 'n beroep op die Christen-Afrikaneronderwyser en -ouer gedoen word om toe te sien dat 'n langer skoolplig as die voorgestelde ses jaar (en dan minstens tien jaar) gehandhaaf word ten opsigte van die Christen-Afrikanerkind. Daar moet ook gewaak word teen 'n

laksheid wat daartoe kan lei dat kinders sommer net na standerd vier (vlak ses) die skool wil verlaat en bloot die drie jaar leerplig wil nakom. Vir die Blankes sal dit neerkom op 'n verlaging van onderwysgehalte en - standaard (Van Loggerenberg, 1984 : 34).

Formele, nie-formele en informele onderwysvoorsiening binne die nasionale onderwysstelsel is dus 'n voortsetting van die opvoeding en onderwys waarvoor die gemeenskap - in besonder die ouers as eerste, natuurlike en primêre opvoeders - verantwoordelik is. Die medeseggenskap van die ouers ten opsigte van besluitneming oor die aard van onderwysvoorsiening sal dus verskans moet word (Barnard, 1982 : 2150).

4.2.2.7 Beginsel 6 : Verantwoordelikheid vir onderwysvoorsiening

"Onderwysvoorsiening op die formele vlak is 'n verantwoordelikheid van die Staat met dien verstande dat die individu, die ouers en die georganiseerde samelewing 'n medeverantwoordelikheid en inspraak in hierdie verband het." (Suid-Afrika (Republiek) 1984 : artikel d(vi)).

Om gelyke onderwysgeleenthede aan en alle bevolkingsgroepe in die Republiek van Suid-Afrika beskikbaar te stel, sal vir die Staat ten opsigte van onderwys onder andere veel groter finansiële verpligtinge meebring.

Groter onderwysbesteding kan egter nie gedoen word sonder om daadwerklik en realisties die landse ekonomie in ag te neem nie. Om die probleem ten opsigte van die finansiering te bowe te kom, sal die finansiële bydraes van die eerstevlakregering (die Staat), deur die tweedevlakregering (provinsies, streke en gebiede) en veral die derdevlakregering (plaaslike besture) aangevul moet word (sien par. 4.2.3.1).

Met die aanvaarding van beginsel ses van die RGN-ondersoek, 1981, na die onderwys in die Republiek van Suid-Afrika maak die Regering die ouer en georganiseerde samelewing medeverantwoordelik (ook wat die finansiële aspekte betref) in

onderwysvoorsiening op die formele vlak. Op dié manier sal daar op die derde regeringsvlak (georganiseerde samelewing en die ouers in besonder) 'n daadwerklike geldelike bydrae ten behoeve van die onderwys gemaak moet word. Volgens Barnard (1984(b) : 335) kan van ouers verwag word om onder meer volledig of gedeeltelik verantwoordelik te wees vir:

- * die aankoop van leer- en leesboeke - by baie skole word die skryfboeke reeds deur die ouers aangekoop;
- * die ontwikkeling en uitbouing van koshuisakkommodasie en skoolbusvervoerskemas; en
- * die instandhouding van geboue en sportterreine.

Die betrokkenheid by en verantwoordelikheid van alle belanghebbendes in die algemeen en die ouers in die besonder by onderwysvoorsiening aan blanke kinders, sluit aan by dit wat in paragraaf 2.2.3 oor die ouer en sy opvoedende onderwystaak ter bespreking was.

4.2.2.8 **Beginnel 8 : Private onderwys**

"Die stelsel van onderwysvoorsiening sal vir die stigting en staatsubsidiëring van private onderwys voorsiening maak." (Suid-Afrika (Republiek) 1984 : artikel d(viii)).

Volgens beginsel agt van die RGN-ondersoek (1981) sal die ouer die keuse kan uitoefen wáár sy kind sy onderwys moet ontvang. In beginsel word daar in so 'n stelsel voorsiening gemaak vir die stigting van privaatskole. Die privaatskole sal wel deur die Staat gesubsidieer word. Beginsel agt sluit ook prinsipieel sterk aan by beginsel twee (par. 4.2.2.3) waarin erkenning gegee word aan sowel die gemeenskaplikheid as die diversiteit van die religieuse en kulturele leefwyse en tale van die inwoners. Na aanleiding van die twee beginsels blyk dit dat, indien daar in 'n skool nie voorsiening gemaak word vir die religieuse en kulturele behoeftes van die ouergemeenskap nie, die ouer die keuse kan uitoefen waar sy kind sy onderwys moet ontvang. Die

ouergemeenskap kan selfs besluit om 'n privaatskool te stig. Die Christen-Afrikanerouers sal sodoende die geleentheid gegee moet word om toe te sien dat die opvoedende onderwys wat hulle kinders ontvang gekenmerk word deur 'n Christelike en breë nasionale karakter (Suid-Afrika (Republiek), 1967 : artikels 2(i)a en b).

4.2.2.9 Beginsel 9 : Sentralisasie en desentralisasie

"In die voorsiening van onderwys moet die prosesse van sentralisasie en desentralisasie organisatories en funksioneel versoen word." (Suid-Afrika (Republiek), 1984 : artikel 2d (ix).

Die Verslag van die hoofkomitee van die RGN-ondersoek na die onderwys, (1981), het 'n drievlakpatroon van onderwysbeheer voorgestel. Die Regering het in Wet 76 (1984) die RGN se voorgestelde aanbevelings vir 'n drievlakpatroon van onderwysbeheer gewysig. Die drievlakpatroon van onderwys soos opgeneem in die Wet 76 (1984) behels die volgende:

- * Eerstevlak onderwysowerhede, naamlik 'n nasionale Ministerie van Onderwys bygestaan deur nog vier volke-eie ministeries (vgl. par. 4.5.);
- * Tweedevlak onderwysowerhede, naamlik provinsiale, streeks- of gebiedsonderwysdepartemente (vgl. par. 4.2.3.3); en
- * Derdevlak of plaaslike onderwysowerhede waar daar voorsiening gemaak kan word vir die besondere plaaslike onderwysbehoeftes (sien par. 4.2.3.4).

Op die derdevlak (plaaslike vlak) kry die over-in-organisasie 'n besondere inspraak in die onderwys. Dit is op derdevlak waar die over as primêre opvoeder van sy kind 'n hoë mate van inspraak moet hê in die besluitneming oor die instelling wat die naaste aan beide die ouers en onderwysers is, naamlik die skool (Barnard, 1982 : 2151-2152).

Op derdevlak word voorsiening gemaak vir plaaslike onderwysbeheerliggame waarin die ouers ook seggenskap moet hê (vgl. par. 4.2.3.4). In paragrawe 4.2.3.2 en 4.2.3.3 word ook breedvoerig aangetoon hoedat die stelsel uitgebrei gaan word dat ouers op eerste- en tweedevlak van die Regering opgeneem gaan word in onderwysrade. Sodoende word die ouerseggenskap in onderwys uitgebrei.

4.2.2.10 Evaluering

Die RGN-onderzoek na onderwys in die Republiek van Suid-Afrika, (1981), maak voorsiening vir ouerbetrokkenheid in die opvoedende onderwys van sy kind. Die onderzoek bepaal dat ouerinspraak gestruktureerd moet wees (RGN, 1981 : 158). Dit word ook beklemtoon dat ouers aan die skoolhoof en die personeel steun moet verleen in hulle professionele taak en ook die onderwyspersoneel se outonomie in die klaskamer te respekteer (RGN, 1981 : 204). Trouens, ouers word in die verslag aangemoedig om hulleself as vennote in die opvoedende onderwystaak te beskou (Franzsen, 1984 : 73) Die ouers moet steeds versigtig wees om nie op die kompetensieterrein (professionele terrein) van die onderwysers te oortree nie (vgl. par. 4.2.3.5 en par. 2.5).

Die staat sal voldoende beheer oor privaatonderwys moet verkry deur onder andere inspraak te hê in die gehalte van die onderwysers en die algemene standaard van die onderwys (Barnard, 1982 : 2151).

Die aanbevelings wat gemaak is deur die hoofkomitee van die RGN-onderzoek na die onderwys van 1981 is opgeneem in die Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwysake van 1984.

Ouerseggenskap deur die Blanke in die Republiek van Suid-Afrika hang in 'n groot mate daarvan af in watter mate die Regering deur wetgewing voorsiening maak vir ouerseg-

genskap in onderwysbeheer. Daar sal voorts gekyk word na die voorgestelde drievlakpatroon van onderwysbeheer soos aanbeveel.

4.2.3 Die voorgestelde drievlakpatroon van onderwysbeheer soos voorgestel deur die hoofkomitee van die RGN-ondersoek na onderwys, 1981

4.2.3.1 Inleiding

'n Belangrike aanbeveling in die Verslag van die hoofkomitee van die RGN-ondersoek na die onderwys, (1981), is die drievlakpatroon van onderwysbeheer. Die drievlakpatroon van onderwysbeheer moet noodwendig beskik oor sterk ingeboude strukture en prosedures vir deelname, konsultasie en onderhandeling van al die persone en belangegroepe wat betrokke is op elkeen van die drie bestuursvlakke. Die drievlakpatroon van onderwysbeheer verseker dat al die persone en belangegroepe wat betrokke is in die onderwys, soos die ower en die privaatsektor, 'n inspraak sal hê in sowel onderwysbeleid as -praktyk (RGN, 1981 : 196).

'n Belangrike implikasie van die aanbevelings met betrekking tot onderwysbeheer is die devolusie van gesag (Fourie, 1985(a) : 64). Sodoende kry plaaslike gemeenskappe - insluitend die ouers - groter inspraak en medeseggenskap in die onderwysbeheer op plaaslike vlak.

Die voorgestelde drievlakonderwysbeheermodel, volgens die RGN-ondersoek na die onderwys (1981), kan soos volg verduidelik word.

4.2.3.2 Onderwysbeheer op eerstevlak

* Die RGN-ondersoek (1981) het aanbeveel dat onderwysbeheer op die eerstevlak 'n enkele Ministerie van Onderwys moet wees wat verantwoordelik is vir die breë onderwysbeleid van die Republiek van Suid-Afrika.

- * Afgesien van 'n enkele Ministerie van Onderwys is ook aanbeveel dat daar op eerstevlak 'n Suid-Afrikaanse Raad vir Onderwys (SARO) deur wetgewing geskep word wat alle mense in Suid-Afrika (ook die Blanke ouers) en die belanghebbende groepe onder die voorsiener en gebruikers van onderwys verteenwoordig. 'n Belangrike funksie van die Suid-Afrikaanse Raad vir Onderwys sal wees om aan die Minister van Onderwys advies te gee aangaande alle sake binne die genoemde terrein (RGN, 1981 : 196-199).

4.2.3.3 Onderwysbeheer op tweedevlak

Die RGN-onderzoek beveel op tweedevlak aan dat onderwysbeheer deur 'n stelsel van tweedevlakonderwysowerhede behartig word. Die tweedevlakonderwysowerhede word vir streke, waarvan die geografiese grense bepaal sal word deur sowel demografiese en ekonomiese faktore as relevante sub-streeks- en plaaslike belange, aanbeveel. Daar word aanbeveel dat hierdie tweedevlakonderwysowerhede met spesifieke funksies, wat daarop gemik is om onderwys binne 'n bepaalde gebied, soos aan hulle toegeken is, te voorsien, sal bestaan uit:

- * 'n statutêre tweedevlakraad wat verteenwoordigend is van die inwoners (ook die ouers) van die bepaalde streek of provinsie - die betrokke raad sal onder meer verantwoordelik wees vir die vasstelling van 'n operasionele onderwysbeleid op tweedevlak binne die raamwerk van die nasionale onderwysbeleid (RGN, 1981 : 196-202); en
- * 'n tweedevlak onderwysdepartement waarvan 'n Direkteur van Onderwys die hoof is. So 'n departement sal verantwoordelik wees vir die Blanke-onderwys in sy streek (RGN, 1981 : 192-202).

4.2.3.4 Onderwysbeheer op derdevlak

Om die bestaande leemte van onvoldoende inspraak in die plaaslike bestuursliggame aan te vul is aanbeveel dat die onderwysrade van plaaslike skoordistrikte die wense van ouers, onderwysers en die gemeenskap ten opsigte van die besluitnemingsproses oor die onderwys in aanmerking moet neem.

Verder is die grootste moontlike outonomie ingebou in daardie instelling wat die naaste aan die ouers en onderwysers is, naamlik die skool. Die bedoeling is dat die ouers en onderwysers 'n hoofaandeel in die proses van besluitneming op die derdevlak moet hê. Die voorstelle in die RGN-onderzoek (1981) na die onderwys in Suid-Afrika behels dus die uitbreiding van die gesag van die hoof, personeel, beheerraad en skoolkomitee (Stone, 1982 : 6).

Op die derdevlak word die vryheid van ouerkeuse beklemtoon sodat die onderwys by oergemeenskappe se kulturele en godsdienstige voorkeure kan aanpas. Die ouerkeuse moet egter binne perke van die nasionale beleid uitgeoefen word (Stone, 1982 : 6).

Die RGN-onderzoek na die onderwys in die Republiek van Suid-Afrika stel in die vooruitsig dat plaaslike onderwysbeheerliggame onder meer die volgende funksies sal hê:

- * die interpretering van die onderwysbehoeftes en -begeertes van die ouers in die plaaslike gemeenskap;
- * die bemiddeling tussen ouers, die skoolgemeenskap en die onderwyserskorps;
- * die verantwoordelikheid vir die aanbeveling van die professionele en ondersteunende personeel vir aanstelling by die skool;
- * die ondersteuning van die hoof en die onderwysers in hulle professionele taak en om hulle professionele outonomie in die klaskamer te respekteer; en

- * die aanmoediging van ouers om hulleself as vennote in die opvoedende onderwystaak te beskou (RGN, 1981 : 204-205).

4.2.3.5 Evaluering

Alhoewel daar deur die RGN-onderzoek (1981) in die onderwysbeheer op eerste- en tweedevlak veral beslag gegee word aan die gemeenskaplikheid en koördinasie van die onderwys, blyk dit dat op derdebeheervlak strukture geskep moes word om veral aan die diversiteit van kultuur en taal en besondere onderwysbehoeftes in die onderwys gestalte te gee.

Ouers, ook die Blanke-ouers van Kaapland binne hulle onderskeie statutêre organisasies (soos plaaslike skoolkomitees en skoolrade) sal 'n veel groter mate van inspraak in die proses van beplanning, beleidformulering en besluitneming moet kry. Daar moet egter voortdurend gewaak word dat ouerinspraak en -seggenskap duidelik omlin word sodat daar nie byvoorbeeld inbreuk gemaak word op die professionele werksaamhede van die onderwyskorps nie (Barnard, 1984(a) : 81).

Met die ontvangs van die Verslag van die RGN-onderzoek na die onderwys in die Republiek van Suid-Afrik, (1981), het die Regering bekend gemaak dat hy finaal oor die aanbevelings in die verslag sou besluit nadat belanghebbende instansies die geleentheid gehad het om kommentaar daarop te lewer (Suid-Afrika (Republiek), 1983 : 1).

Kommentaar op die RGN-onderzoek (1981), oor onderwysvoorsiening is gelewer op die Afrikaner-onderwyskongres.

4.3 DIE AFRIKANER-ONDERWYSKONGRES VAN 1982

Gedurende die tydperk 18 tot 20 Maart 1982 is daar 'n Afrikaner-onderwyskongres te Bloemfontein gehou. Die Kongres is geïnisieer deur 'n aksiekomitee saamgestel uit die Federasie vir Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK), die Transvaalse Onderwyservereniging (TO) en die Interkerklike Kommissie vir Opvoeding en Onderwys van die drie Afrikaanse Kerke (IKKO) (Viljoen, 1982(a) : 3). Die doelstellings van die kongres was onder meer die volgende.

- * Die kongres wou 'n duidelike en verteenwoordigende antwoord kry van die Blanke Christen-Afrikanervolks-groep kry oor die aanbevelings van die RGN-onderzoek na die onderwys in die Republiek van Suid-Afrika, (1981), en die Tussentydse Memorandum oor die Verslag van die Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing oor die onderzoek na onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika (1981).
- * Die kongres wou die benadering ten opsigte van onderwysvoorsiening aan beginseleise, wat vir die Christen-Afrikaner onverhandelbaar is, onderwerp. Hierdie beginsels wat gehandhaaf moet word, is ten opsigte van die Christelike, die volkseie, moedertaal-onderwys en ouerkeuse en -seggenskap.
- * Die kongres wou 'n nuwe aksent en bewustheid by die ouers tuisbring aangaande die belangrikheid van die ouer se intense betrokkenheid by opvoedende onderwys.
- * Daar is gehoop dat die kongres die vertrekpunt sou wees van 'n landswye ouerorganisasie waardeur die ouers daadwerklik georganiseer en saamgesnoer word (Viljoen, 1982(a) : 4-6).

Met die kongres is gepoog om ouerseggenskap in die onderwys, soos verskans in die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid van 1967, artikel 2: "...dat aan die ouergemeenskap 'n

plek in die onderwysstelsel toegeken moet word deur middel van ouer-onderwysersverenigings, skoolkomitees, beheerrade of op 'n ander wyse" te verwesenlik.

Na afloop van die kongres is daar sekere aanbevelings deur die kongres geformuleer. Die belangrikheid van die beginsel van ouerseggenskap in die onderwys is deur die kongres beklemtoon. Die kongres het onder meer besluit:

- * dat ouerseggenskap in statutêre onderwysrade (bv. skoolkomitees) uitgebou moet word - die onderwysrade moet meer beslissend van aard wees ten opsigte van sake soos die aanstelling van onderwyspersoneel, toelating van leerlinge tot 'n bepaalde skool, die gees en rigting wat by 'n skool geld asook nie-professionele onderwysaangeleenthede; en
- * om 'n landwyse onafhanklike ouervereniging, die Afrikaanse ouervereniging te stig, vir die handhawing en bewaring van die Christelike, volkseie en kultuurgebonde opvoeding en onderwys op informele, formele en nie-formele vlak (Viljoen, April 1982(b) : 10).

Die Afrikaanse Ouervereniging word in paragraaf 4.6 volledig bespreek. Vervolgens meer omtrent die Regering se Witskrif oor Onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika, 1983.

4.4 DIE REGERING SE WITSKRIF OOR ONDERWYSVOORSIENING IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, 1983, EN OUSEREGGENSKAP IN DIE ONDERWYS

Gedurende Oktober 1981 het die Regering die Tussentydse Memorandum oor die Verslag van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing oor die Ondersoek na Onderwysvoorsiening in die RSA vrygestel. In die Tussentydse Memorandum (1981) is 'n tussentydse onderwystaakgroep van negentien lede benoem vir die gekoördineerde oorweging en uiteindelik

implementering van die aanbevelings in die RGN-onderzoek (Suid-Afrika (Republiek), 1981 : 4). Die tussentydse onderwystaakgroep het 22 instansies geraadpleeg om kommentaar te lewer oor die onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika.

Gedurende 1983 het die Minister van Nasionale Opvoeding na aanleiding van die aanbevelings van die RGN-onderzoek en die tussentydse onderwystaakgroep 'n Witskrif oor onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika opgestel en aan die Parlement voorgelê. Al elf die beginsels (vgl. par. 4.2.3) soos opgeneem in die RGN-onderzoek na onderwys in die Republiek van Suid-Afrika, (1981), is in die Witskrif oor onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika, opgeneem (Suid-Afrika (Republiek), 1983 : 3).

Volgens die Witskrif, 1983, is dit veral by die strukturering van onderwysbeheer op die derde owerheidsvlak waar die ouer seggenskap oor onderwysbeheer moet kry. Onderwysbeheer op hierdie vlak maak voorsiening vir die samestelling van ouer-verteenwoordigende liggame (vgl. par. 4.2.3.4). In die Witskrif, 1983, word onder andere aanbeveel dat:

- * elke skool 'n ouer-verteenwoordigende liggaam moet hê wat deur die ouers van leerlinge van die skool verkies moet word;
- * die samestelling van die ouer-verteenwoordigende liggaam van 'n skool nie beperk hoef te wees tot die ouers van skoolgaande kinders nie - tweederdes van die lede van die ouerverteenwoordigende liggaam op die datum van verkiesing moet egter ouers van leerlinge van die skool wees;
- * 'n tweedevlakonderwysdepartement, met die instemming van die ouer-verteenwoordigende liggaam van 'n skool onder sy beheer, kan hoogstens twee persone benoem om in die betrokke ouer-verteenwoordigende liggaam van

die skool te dien indien sodanige departement van mening is dat die nodige kundigheid in 'n oer-verteenwoordigende liggaam ontbreek; die meerderheid van die lede van die betrokke oer-verteenwoordigende liggaam moet egter uit ouers van leerlinge van die skool bestaan (Suid-Afrika (Republiek), 1983 : 18).

In die Witskrif oor onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika (1983) word bevestig dat die Regering die onderwyskundige beginsel van die keusevryheid van die individu (dus ook van die ouers) aanvaarbaar vind. Dit kan veral geskied ten opsigte van loopbaankeuse, maar moet nog binne die raamwerk van die skole vir elke bevolkingsgroep bly (Suid-Afrika (Republiek), 1983 : 4).

Verder word bepaal dat die funksies van die oer-verteenwoordigende liggame van 'n skool onder meer die volgende moet behels:

- * hulle moet oor die reg beskik om by die betrokke tweedevlakonderwysdepartement aan te beveel dat 'n onderwyser permanent aangestel word by 'n skool;
- * hulle moet die behoeftes en begeertes van die ouers en die plaaslike gemeenskap op die onderwysterrein interpreteer en op die hart te dra;
- * hulle moet die hoof en onderwysers steun in hul professionele taak, hulle professionele status in die klaskamer respekteer en die ouers aanmoedig om hulself as vennote in die opvoedende onderwys te beskou - daar moet voortdurend gewaak word dat ouers hulle nie deur middel van die Afrikaanse Oervereniging bemoei met die professionele aspekte van formele en nie-formele onderwys nie (vgl. par. 2.5.); en
- * hulle moet die behoeftes en standpunte van die skool aan die betrokke tweedevlakonderwysdepartement oordra (Suid-Afrika (Republiek), 1983 : 18-19).

Uit bogenoemde funksies blyk dit dat die regering aan ouers seggenskap aan ouers in die onderwysbeheer op derdeowerheidsvlak wil gee (vgl. par. 4.2.3.5). Die ouers moet aangemoedig word om hulleself as vennote in die onderwys te beskou (Suid-Afrika (Republiek), 1983 : 5).

In die Witskrif oor Onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika, (1983), neem die Regering die standpunt in ten opsigte van die onderwys in die Republiek van Suid-Afrika.

4.5 DIE WET OP DIE NASIONALE BELEID VIR ALGEMENE ONDERWYSSAKE, 1984

Die Wet op Nasionale Beleid vir Algemene Onderwyssake, 1984 (Wet 76) is daargestel om voorsiening te maak vir die bepaling van 'n nasionale beleid vir algemene onderwyssake binne die raamwerk van sekere beginsels en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan (Suid-Afrika (Republiek), 1984 : 2). Wet 76 van 1984 is die resultaat van aanbevelings soos vervat in die RGN-ondersoek (1981) en die Witskrif oor Onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika, 1983.

So is al die beginsels vir onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika, soos in die RGN-ondersoek aanbeveel in Wet 76 van 1984 opgeneem (vgl. par. 4.2.2).

In Wet 76 van 1984 is daar 'n belangrike wysiging aangebring ten opsigte van onderwysbeheer op die eerstevlak soos deur die RGN-ondersoek (1981) voorgestel (vgl. par. 4.2.2.9 en 4.2.3.2).

In die nuwe staatkundige bedeling sal die onderwys van 'n bepaalde bevolkingsgroep (Blank, Kleurling of Indiër) as 'n eie saak geadministreer word deur 'n minister wat lid is

van die betrokke Ministersraad. Onderwys vir Swartes sal geadministreer word deur 'n minister wat lid van die kabinet is (Suid-Afrika (Republiek), 1984 : artikel 2(4); Suid-Afrika (Republiek), 1983 : 7)

Daar sal voorts gekyk word na die ontwikkeling van die Afrikaanse Ouervereniging vir Christelike Opvoeding en Onderwys in Kaapland (vgl. par. 4.6).

4.6 DIE AFRIKAANSE OUERVERENIGING VIR CHRISTELIKE OPVOEDING EN ONDERWYS

4.6.1 Oriëntering

Na die verskyning van die Verslag van die hoofkomitee van die RGN-ondersoek na die onderwys, (1981), het die meeste onderwysbelanghebbende liggame kommentaar daarop gelewer, behalwe die ouers. Alhoewel die ouers die belangrikste vennote in die opvoeding en onderwys van hulle kinders is, het hulle 'n beperkte mate van statutêre inspraak gehad deur middel van skoolkomitees en beheerrade in die onderwys. Die ouers het nie oor 'n geskikte spreekbuis beskik om op die RGN-ondersoek te reageer nie (Franzsen, 1984 : 67).

Verder het die RGN-ondersoek bevind dat baie van die verantwoordelikhede wat die staat tans dra, aan die ouers oorgedra kan en behoort te word, veral ten opsigte van 'n groter finansiële aanspreeklikheid (vgl. par. 4.2.2.2). Daar moet op goedbeplande wyse hulp en steun aan die ouers verleen word om hulle in staat te stel om hulle verantwoordelikheid ten opsigte van die opvoedende onderwys van hulle kinders na te kom. Dit is veral met die implementering van die onderwysbeheer in die nuwe staatkundige bedeling dat die ouers bygestaan en ingelig moet word oor wat met onderwys beplan word. Ouers moet naas selforiëntering ook gehelp word om hulle vir hulle taak voor te berei.

Die Afrikaanse Ouervereniging vir Christelike Opvoeding en Onderwys (voortaan genoem die Afrikaanse Ouervereniging) wil juis aan hierdie diepgevoelde en dringende behoefte voorsien deur die daarstelling van 'n landwye organisasie wat deur die ouers, uit die ouers, ter behartiging van die belange van die ouers sal funksioneer.

Op 6 Junie 1983 is die eerste vergadering van die nasionale hoofbestuur van die Afrikaanse Ouervereniging te Kemptonpark gehou. Alhoewel die voortsettingskomitee vir die Afrikaanse Ouervereniging in Kaapland reeds op 11 November 1982 vergader het en 'n aksieplan vir die stigting van Afrikaanse Ouerverenigingtakke in Kaapland bespreek het, het die gebiedsbestuur van die Afrikaanse Ouervereniging in Kaapland eers op Maandag, 1 Augustus 1983 tot die stigting daarvan oorgegaan.

4.6.2. Struktuurorganisasie en funksies van die Afrikaanse Ouervereniging

Die Afrikaanse Ouervereniging word hoofsaaklik in vier vlakke georganiseer, en wel op:

- * nasionale vlak;
- * provinsiale vlak (gebiedstakke);
- * streeksvlak (onderverdeling van provinsies); en
- * plaaslike vlak (takke) (Afrikaanse Ouervereniging (Grondwet), 1985 : artikel V(2)).

4.6.2.1 Die nasionale hoofbestuur

Die nasionale hoofbestuur van die Afrikaanse Ouervereniging:

- * word saamgestel uit lede van die gebiedsbesture van die vier provinsies in die Republiek van Suid-Afrika en ook Suidwes-Afrika. (Die nasionale hoofbestuur word soos volg gekies uit lede (of hulle secundi) van die volgende gebiedsbesture: Transvaal : 11 lede, Oranje-Vrystaat : 3 lede, Natal : 2 lede, Kaapland : 5 lede en Suidwes-Afrika : 2 lede);

- * verteenwoordig die Christen-Afrikaner ower op nasionale vlak; en
- * tree op as die verteenwoordiger en bedinger vir die algemene ideale en belange van sy lede (Afrikaanse Ouervereniging (Grondwet), 1985 : artikel vii).

4.6.2.2 Die gebiedsbestuur

Volgens die notule van die Voortsettingskomitee (1982 : 2-3) van die Afrikaanse Ouervereniging in Kaapland bestaan die gebiedsbestuur uit lede verteenwoordigend van die streke waarop die gebiedsbestuur besluit het. Elke gebiedsbestuur is outonoom ten opsigte van die samestelling van sy bestuur. In Kaapland bestaan die gebiedsbestuur uit 15 lede wat die geografiese streke verteenwoordig. Hulle word deur die streeksbesture aangewys. Die 15 lede is soos volg toegewys:

- * Oos-Kaapland : 3 verteenwoordigers;
- * Suid-Kaapland : 3 verteenwoordigers;
- * Noord-Kaapland : 3 verteenwoordigers;
- * Wes-Kaapland : 4 verteenwoordigers; en
- * Namakwaland : 2 verteenwoordigers.

Die gebiedsbestuur tree op as mondstuk van die ouers in die gebied (Afrikaanse Ouervereniging vir Kaapland (Reglement) : artikel v).

4.6.2.3 Die streeksbestuur:

Volgens die notule van die Voortsettingskomitee van die Afrikaanse Ouervereniging (1982 : artikel vii(2)) in Kaapland:

- * word die streeksbestuur ooreenkomstig skoolstreke gevorm - in Kaapland vyf, te wete Oos-Kaapland, Noord-Kaapland, Suid-Kaapland, Wes-Kaapland en Namakwaland/Overvaalstreek;
- * word die streeksbesture saamgestel uit afgevaardigdes van elke tak in die streek - in Kaapland besluit die streke self oor hulle samestelling en die wyse waarop dit geskied; en

- * lê streeksbesture jaarliks 'n verslag van sy werksaamhede aan die gebiedsbestuur voor (Afrikaanse Ouervereniging vir Kaapland (Reglement) : artikel B4.3).

Daar word ook takke gestig op plaaslike vlak. Omdat die Afrikaanse Ouervereniging op plaaslike vlak direk met die ouer werk en die ouer organiseer, gaan daar voorts in breë trekke na die takorganisasie en funksie van die Afrikaanse Ouervereniging in Kaapland gekyk word.

4.6.3. Takorganisasie en funksies van die Afrikaanse Ouervereniging in Kaapland

Die takke van die Afrikaanse Ouervereniging in Kaapland word soos volg gestig en georganiseer:

- * Die stigting van plaaslike takke geskied deur 'n plaaslik saamgestelde loodskomitee wat bestaan uit persone wat belangstel in die onderwys en wat namens die plaaslike gemeenskap optree. Alhoewel dit nie 'n voorvereiste is nie, word die samewerking van die onderwysers eers verkry alvorens 'n plaaslike tak van die Afrikaanse Ouervereniging gestig word.
- * Die bestuur van 'n plaaslike tak van die Afrikaanse Ouervereniging in Kaapland bestaan uit ten minste vyf lede wat jaarliks tydens 'n jaarvergadering van die vereniging gekies word.
- * Lidmaatskap van die Afrikaanse Ouervereniging word toegestaan aan enige Blanke burger in Kaapland wat die Grondwet van die Afrikaanse Ouervereniging onderskryf en wat by 'n tak aansluit (Afrikaanse Ouervereniging in Kaapland (Reglement) : artikels C 2 en 4).

Die funksies van die Afrikaanse Ouervereniging, soos vervat in die Reglement van die Afrikaanse Ouervereniging in Kaapland (artikel C 5), is onder andere:

- * om lede toe te rus met die nodige kennis om sodanige Christelike opvoeding en onderwys te bevorder sodat Christelik onderlegde kinders aan 'n skool gelewer word;

- * om die samewerking tussen die skoolhoofde en statutêre liggame soos skoolkomitees en skoolrade te bevorder en die Christelik-nasionale karakter wat die formele onderwys bevorder, te handhaaf en uit te bou;
- * die bevordering van die Christelike volkseie onderwys op die formele, informele en nie-formele vlak;
- * die bevordering van die allernouste samewerking met die onderwysers, individueel en in die georganiseerde verband;
- * om waar 'n ouer-onderwysersvereniging nie funksioneer nie hom daar aan die skoolhoof en die personeel aangebied word om take soos onder andere fondsinsameling, terreinverfraaiing, buitemuurse aktiwiteite, kampe en toere, te onderneem.

Om aan bogenoemde funksies reg te laat geskied, het die Afrikaanse Ouervereniging in Kaapland onder andere die volgende algemene reëls neergelê.

- * Die Afrikaanse Ouervereniging tree alleen op die terrein van die ouer op en bemoei nie met professionele aspekte van die formele en nie-formele onderwys nie.
- * Die Afrikaanse Ouervereniging respekteer te alle tye die terrein en gesag van die formele onderwysprofessie, en van die skoolkomitee en die skoolraad (Afrikaanse Ouervereniging in Kaapland (Reglement) : artikel B(6)). Die vereniging wil hom nie op die professionele terrein van die onderwyser begewe nie, maar wil homself beskikbaar stel as vennoot in die onderwyser, skoolkomitee en skoolraad.
- * Die Afrikaanse Ouervereniging wil nie bestaande Ouer-onderwysersverenigings wat goed funksioneer, vervang nie (Afrikaanse Ouervereniging in Kaapland, 1983 : 3).

Die Afrikaanse Ouervereniging het veral in Transvaal, waar reeds meer as 300 takke gestig is, by die ouers groot byval gevind. Die Afrikaanse Ouervereniging in Kaapland is nog in sy beginjare en daar is nog heelwat groeipyne.

4.6.4 'n Aantal probleme wat die Afrikaanse Ouervereniging in Kaapland ondervind

Aanvanklik het die Afrikaanse Ouervereniging in Kaapland gehoop dat die Departement van Onderwys in Kaapland hom sou erken as vennoot in opvoedende onderwys. Die Departement het egter nie sy weg daarvoor oopgesien nie (Afrikaanse Ouervereniging in Kaapland, 1983 : 2).

Die vorige Direkteur van Onderwys, H.A. Lambrechts, het op 7 Junie 1984 in 'n skrywe (1984 : 1) die redes verskaf waarom die Departement van Onderwys in Kaapland nie die Afrikaanse Ouervereniging amptelik wil erken nie. Lambrechts (1984 : 1) berig onder meer soos volg: "Soos u weet bestaan daar in Kaapland 'n stelsel van skoolrade en skoolkomitees waarin die ouergemeenskap seggenskap verkry. Hulle is statutêre liggame en die ouergemeenskap word op demokratiese wyse daarin verteenwoordig. Hierbenewens is daar ook talle ouer-onderwysersverenigings waarin wisselwerking in die onderwysproses plaasvind.

"Die Departement ag hierdie beproefde kanale voldoende vir die inspraak van die ouers in die stelsel van Onderwysvoorsiening vir blankes (sic) in die Provinsie. Om hierdie rede, maar ook om enige moontlike polarisasie te vermy, geniet geen ander ouervereniging, insluitende die Afrikaner Ouervereniging (sic), amptelike erkenning deur die Departement nie."

Die feit dat die Onderwysdepartement nie die Afrikaanse Ouervereniging in Kaapland wou erken nie, het veroorsaak gemaak dat die vereniging nie inslag gevind het by die

ouers in Kaapland nie. Die organiseerders het gevolglik 'n lae profiel gehandhaaf. Daar is op 1 Augustus 1983 die volgende besluite geneem:

- * Daar sal voortgegaan word met die stigting van takke van die Afrikaanse Oervereniging volgens die plaaslike omstandighede in elke gemeenskap. Die streeksbestuur van die Afrikaanse Oervereniging in Kaapland is oortuig van die noodsaaklikheid van sodanige vereniging. Die hoop word uitgespreek dat wanneer daar oerinspraak benodig word, die Departement die Afrikaanse Oervereniging as verteenwoordigers van die ouers om kommentaar sal nader.
- * Daar sal op 'n taktvolle te werk gegaan word sodat onderwysers, onderwysbeheerliggame (soos skoolkomitees en skoolrade) en ander instansies nie in verleentheid gestel word nie. Die Afrikaanse Oervereniging bied homself aan as vennoot van die onderwyser en die skoolkomitee.
- * Ouer-onderwysersverenigings moet by skole die geleentheid gegun word om by die Afrikaanse Oervereniging te affilieer (Van Rensburg, 1984 :18; Afrikaanse Oervereniging, 1983 : 5). Die ouer-onderwyservereniging van 'n bepaalde skool kan die Grondwet van die Afrikaanse Oervereniging aanvaar. Sodoende kan die lede aan die ouer-onderwyservereniging ook lede van die Afrikaanse Oervereniging word. Oorvleueling van werksaamhede moet so ver moontlik uitgeskakel word (Afrikaanse Oervereniging in Kaapland, 1983 : 3).

'n Ander probleem wat die Afrikaanse Oervereniging in Kaapland ondervind, is die uitgestrektheid van die Provinsie. Dit bring mee dat die Afrikaanse Oervereniging moeilik gekoördineer word. Skakeling tussen takke en streeksbesture van die Afrikaanse Oervereniging word bemoeilik.

Die feit dat daar plaaslike gemeenskappe is wat die Afrikaanse Ouervereniging op 'n politieke grondslag wil bedryf, skep ook probleme. Die Afrikaanse Ouervereniging gee die versekering dat partypolitiek met alle mag uit die vereniging geweer sal word. Ouers het 'n begeerte dat die onderwys nie verpolitiseer moet word nie (Stone, 1983 : 4).

Daar bestaan egter alreeds vir 'n geruime tyd, veral vanweë verskille in aksente en sieninge oor lewensbeskoulike sake, twee afsonderlike onderwysersverenigings in Kaapland. Daar is 'n vereniging vir Afrikaanssprekende onderwysers (Die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU)) en een vir Engels-sprekende onderwysers (South-African Teachers Association (SATA)). In Kaapland is daar goeie samewerking tussen die onderwysverenigings - hulle staan nie polariserend teenoor mekaar nie. In Kaapland is daar ook dubbelmediumskole waar Afrikaans- en Engelssprekende kinders en ouers goed saamwerk (Pienaar, s.a. : 3). Die Afrikaanse Ouervereniging wil die Afrikaanse ouer organiseer en is hom in geen opsig gerig teen die ouer-onderwysersvereniging, skoolkomitee of skoolraad nie (Van Rensburg, 1984 : 18). Daar is dus nie rede hoekom daar nie op skoolvlak 'n goeie samewerking tussen die Afrikaanse Ouervereniging en die Engelssprekende ouers kan wees nie.

Die probleem van polarisasie tussen die Afrikaans- en Engelssprekende ouers aan parallelmediumskole kan oorbrug word indien ouer-onderwysersverenigings, waaraan Afrikaans- én Engelssprekende ouers dan behoort, op plaaslike vlak opereer, en nie noodwendig 'n Afrikaanse Ouervereniging nie. 'n Ouer-onderwysersvereniging op skoolvlak sal gevolglik ook konflik voorkom. Die onderwysers kan in so 'n struktuur professionele leiding aan die ouers gee ten opsigte van die onderwys en ander verwante aangeleenthede.

Nog 'n probleem waarmee die Afrikaanse Ouervereniging tans worstel is 'n tekort aan finansies. Die ideaal is dat ouers, wat lede van die Afrikaanse Ouervereniging is, ledegeld betaal. Uit die ledegeld sal spesifieke onkoste van komiteelede betaal word. Weens 'n tekort aan finansies het die Uitvoerende Komitee van die Kaaplandse Afrikaanse Ouervereniging op 30 Januarie 1984 besluit dat 'n tak self sy ledegeld sal betaal. Tydens die vergadering is daar 'n gebiedsbegroting opgestel. Die streeksbestuur is aangeslaan vir 'n bedrag van R266 per gebiedsbestuurslid (Afrikaanse Ouervereniging in Kaapland, 1984 : 4).

Sowel die takbestuur as die plaaslike gemeenskap beskik nie altyd oor die kundiges om sinvolle materiaal vir opvoedkundige praatjies by vergaderings met die ouers saam te stel nie. Aan hierdie probleem sal ook dringend aandag gegee moet word. Een van die funksies van die Afrikaanse Ouervereniging is om die ouer toe te rus vir sy taak as ouer en nie net te konsentreer op onderwys as sodanig nie. Hiervoor sal die hoofbestuur van die Afrikaanse Ouervereniging die nodige infrastruktuur moet skep. Die hoofbestuur sal kundige persone moet vra (en selfs vergoed) om referate en inligting oor aktuele sake betreffende opvoeding en onderwys op skrif te stel vir gebruik deur die takke van die Afrikaanse Ouervereniging.

Met bogenoemde probleme in ag geneem, kom twee belangrike vrae na vore.

- * Is daar bestaansreg vir die Afrikaanse Ouervereniging in die huidige Kaapland stelsel van onderwysbeheer in Kaapland?
- * Is daar in die huidige stelsels van skoolkomitee en ouer-onderwysersverenigings in Kaapland nog plek vir 'n vereniging soos die Afrikaanse Ouervereniging?

4.6.5 Die regverdiging vir nog 'n ouervereniging

Uit die studie blyk dit dat die skoolkomitee en die ouer-onderwysersvereniging elk 'n eie werkterrein (of eie funksie) het en dat die Afrikaanse Ouervereniging nie op hulle terrein oortree nie. Die skoolkomitee is 'n statutêre vereniging wat sy take binne 'n bepaalde raamwerk van pligte - soos deur ordonnansie 20 van 1956 bepaal - uitgevoer word. Sy werksaamhede is meer amptelik van aard (sien par. 3.7; Van Staden, 1974 : 32). Redes waarom die skoolkomitee nie die spreekbuis vir die ouers in Kaapland kan wees nie, is onder meer omdat die skoolkomitee:

- * beperkte statutêre magte (soos deur die Ordonnansie 20 van 1956 bepaal) het (vgl. par. 3.7.6.3); en
- * deur die ouers van 'n bepaalde skool gekies word en daarom net namens die ouers van die bepaalde skool standpunt kan inneem (vgl. par. 3.7.6.2).

Die ouer-onderwyserververeniging, daarenteen, bestaan uit onderwysers en ouers van 'n bepaalde skool. Die samestelling, pligte en funksies van ouer-onderwyserververenigings verskil van skool tot skool. Die belangrikste funksies van 'n ouer-onderwyserververeniging is onder andere:

- * die insameling van fondse sodat fasiliteite vir die skool aangeskaf kan word en sodoende die onder-rig-leerhandeling by die leerlinge bevorder;
- * die verlening van addisionele hulp in die biblioteek, opneem van spaargeld, tuinverfraaiing, ensomeer;
- * die reël van sprekers vir ouervergaderings; en
- * die verlening van hulp tydens sosiale geleenthede soos afsluitingsfunksies, die onthaal van belangrike persone deur die skool en die bediening van tee tydens prysuitdelingsfunksies (Henn, 1977 : 38-43; Schutte en Scholtz, 1985 : 9-12).

Die ouer-onderwysersvereniging is 'n nie-statutêre organisasie en kan bydra om 'n goeie verhouding en vrugbare samewerking tussen die skool en die ouergemeenskap te bewerkstellig (Van Standen, 1974 : 32). Die vereniging is beperk tot 'n bepaalde skool en kan net optree namens die ouers en onderwysers van dié betrokke skool. Die samestelling van die ouer-onderwysersvereniging aan 'n skool is sodanig dat twee groepe mense (ouers en onderwysers) daarin verteenwoordig is. Soos die skoolkomitee is die ouer-onderwyserververeniging nie landwyd gekoördineer nie en verteenwoordig die vereniging dus nie die ouers landwyd nie. Die ouer-onderwyserververeniging van 'n skool sal nie deur 'n Departement van Onderwys genader word vir kommentaar oor 'n bepaalde saak rakende die onderwys nie.

Die Afrikaanse Ouervereniging daarenteen is 'n landwyse organisasie wat op verskeie vlakke georganiseer word. Die Afrikaanse Ouervereniging is 'n organisasie deur die ouer, uit die ouer wat die ouer se belange tot op nasionale vlak behartig (vgl. par. 4.6.1).

Die Afrikaanse Ouervereniging gee egter aan skoolkomitees en ouer-onderwyserververenigings die geleentheid om te affilieer. Sodoende kan die Afrikaanse Ouervereniging ook praat namens die ouers van 'n bepaalde skool en het die ouers van die skool ook inspraak indien hulle om kommentaar gevra word (Afrikaanse Ouervereniging in Kaapland, 1984 : 2-3).

Die Afrikaanse Ouervereniging in Kaapland word reeds deur die Suid-Afrikaanse Onderwysunie (SAOU) erken. Die SAOU het reeds 'n skenking van R1 000 aan die Afrikaanse Ouervereniging in Kaapland gemaak.

Die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes (SAOR) en die Federasie van Onderwysersverenigings besef die noodsaaklikheid van ouerinspraak, en het ook al die Afrikaanse Ouervereniging genader oor kommentaar rakende die onderwys.

Die Afrikaanse Ouervereniging behoort nie die bestaande instansies soos die ouer-onderwyservereniging, die skoolkomitee en die skoolraad se voortbestaan te bedreig nie. Inteendeel, die instellings en die Afrikaanse Ouervereniging kan in baie opsigte saamwerk en mekaar aanvul en so-doende kan take verdeel word (vgl. par. 4.6.4.).

Deur die Afrikaanse Ouervereniging het die ouer in die Kaapprovinsie op nasionale vlak 'n liggaam wat op 'n permanente basis met die owerheid op (dus eerstevlak) kan onderhandel. Op hierdie manier kry die ouer dan groter seggenskap in opvoedende onderwys.

Die voortbestaan van die Afrikaanse Ouervereniging in Kaapland kan egter bedreig word deur die nuutgestigte streeks- en provinsiale liggame vir ouerverteenwoordiging. Voorts sal daar aandag geskenk word aan hierdie nuutgestigte liggame in Kaapland.

4.7 STREEKS- en PROVINSIALE OEUERVERTEENWOORDIGENDE LIGGAME IN KAAPLAND

4.7.1 Oriëntering

Gedurende 1986 word die Provinsiale Rade uitfaseer. Die Departement van Onderwys in Kaapland sal dus nie langer onder die Administrateur en die Provinsiale Raad ressorteer nie, maar onder die Departement van Onderwys en Kultuur: Administrasie Volksraad. Daar word verwag dat die vier bestaande provinsiale Departemente van Onderwys binne die huidige provinsiale grense sal bly en nie in streke onderverdeel sal word nie (Fourie(b), 1985(b) : 6-7).

Ten einde die nuwe bedeling ten opsigte van onderwys in die Republiek van Suid-Afrika te wettig, normaliseer en reguleer word daar tans stappe gedoen om die bestaande Onderwysordonnansies van die Provinsiale Rade te omskep in wette van die Eerstevlakregering, (d.i. die Volksraad). Die uitfasering van die Provinsiale Raad in Kaapland bring op sekere leemtes mee op onderwysgebied veral op die tweedevlak van regering - die vlak tussen die Volksraad en die plaaslike derdevlak van regering (skoolrade en skoolkomitees):

- * Elke onderwysordonnansie bevat artikels en omskryf funksies wat uniek is aan die betrokke provinsie en wat vir die uitvoering daarvan op 'n vlak laer as die Volksraad tuishoort. Dit noodsaak die stigting van 'n Onderwysraad op die tweedevlak van die Regering.
- * Deur die afskaffing van die Provinsiale Rade beskik die ouers as kiesers nie langer oor 'n verteenwoordigende liggaam op die tweederegeringsvlak nie. Daar bestaan dus 'n wesenlike behoefte aan 'n liggaam waarin die ouers op so 'n wyse verteenwoordig sal wees dat die ouer van 'n bepaalde gebied of streek hom met 'n bepaalde afgevaardigde kan identifiseer as synde sy verteenwoordiger. Sodoende word indirek aan die ouer verteenwoordiging gegee in 'n onderwysliggaam op tweedevlak (Fourie, 1985(b) : 8-14).

4.7.2 'n Struktuurorganisasie vir ouerverteenwoordiging op streeks- en provinsiale vlak in Kaapland

Volgens 'n omsendminute (1985 : 1) inisieer die Departement van Onderwys in Kaapland tans 'n struktuur vir ouerverteenwoordiging op tweedevlak in die plek van die huidige stelsel van Provinsiale Rade.

Sonder om die rol en funksies van skoolrade aan te tas beoog die Departement van Onderwys in Kaapland om spesifiek aan die ouers verteenwoordiging en inspraak te gee in

onderwysbeheerliggame op streeks- en provinsiale vlak. So 'n onderwysbeheerliggaam is byvoorbeeld 'n moontlike Provinsiale Onderwysraad, wat deel sal vorm van die onderwysbeheerstruktuur van die provinsie.


Die Departement van Onderwys van Kaapland het gedurende Oktober en November 1985 streekskongresse gehou met die verteenwoordigers van skoolkomitees. Die kongresse waarheen lede van skoolkomitees (een verteenwoordiger per 200 leerlinge of gedeelte daarvan per skool) uitgenooi is, het onder die sewe streke van die Onderrigleidingsdiens van die Departement van Onderwys in Kaapland vergader, en het dit ten doel gehad om onder andere streeksbesture te konstitueer. Volgens die omsendminute (1985 : 1-2) van die Departement van Onderwys in Kaapland sal daar by verdere kongresse spesifieke verteenwoordigers gekies word vir 'n moontlike Provinsiale Onderwysraad. Hulle sal dan namens die ouers bepaalde funksies op streeksvlak uitoefen.

Op die derdeonderwysbeheervlak beskou die Departement van Onderwys in Kaapland - in die betrokke omsendminute (1985 : 7) - die huidige stelsel van gekose skoolkomitees as 'n beproefde en goedgevestigde struktuur van ouerverteenwoordiging en -inspraak op plaaslike vlak.

Die Departement van Onderwys lê nie die tekortkominge in die funksionering van die skoolkomiteestelsel voor die deur van die skoolkomiteestelselstruktuur nie. Volgens Knoetze, (1985 : 11-12), Adjunk-direkteur van Onderwys in Kaapland is daar geen behoefte aan verdere ouer-verteenwoordigende liggame op plaaslike vlak nie, maar bestaan daar wel 'n groot en 'n dringende behoefte aan 'n doeltreffende organisasie op streeks- en provinsiale vlak.

Organigram 4.1 toon 'n moontlike struktuur vir ouerverteenwoordiging in Kaapland.

Organigram 4.1: Organisasiestruktuur vir ouer-verteenwoordiging in Kaapland



(Knoetze, 1985 : 2-3).

So 'n organisasiestruktuur van ouerverteenwoordiging in Kaapland is uniek en sal die volgende voordele hê:

- * die totale ouergemeenskap word deur die demokraties verkose skoolkomitees in die organisasiestruktuur betrek;
- * die organisasiestruktuur is eenvoudig en werkbaar;
- * bestaande strukture op plaaslike en streeksvlak word benut;

- * die skool word deur die organisasiestruktuur erken as die enigste, gemeenskaplike en saambindende kern van die ouers se belange op al drie vlakke - plaaslik, streek, en provinsiaal;
- * in die organisasiestruktuur word rekening gehou met die uiteenlopende geografiese en ander belange van die oergemeenskap;
- * die belange van die onderwys word op 'n ongebonde wyse gedien deur die organisasiestruktuur in Kaapland;
- * in die organisasiestruktuur word die beginsel van demokratiese verkiesing van verteenwoordigers en die gepaardgaande aanspreeklikheid teenoor die kiesers gehandhaaf (Knoetze, 1985 : 19-20).

Gedurende Oktober en November 1985 is daar op die streekskongresse van skoolkomitees, in Kaapland in die sewe gebiede streeksbesture gekies.

4.7.3 Streeksbesture

In die konsepgrondwet vir die streeksbesture (artikel 1) ook genoem die Federasie van Skoolkomitees is die volgende aspekte van besondere belang ten opsigte van oerseggenskap.

4.7.3.1 Doel van streeksbesture

Die doel van die streeksbesture is onder andere om:

- * die oerkorps in Kaapland, soos verteenwoordig in die demokraties verkose skoolkomitees en skoolonderwysbelanghebbendes groter inspraak en breër verteenwoordiging te gee in beplannings-, beleidmakende en adviserende onderwysliggame op streeks- en provinsiale vlak;
- * onderwerpe van belang vir informele, formele en nie-formele onderwys te bespreek;
- * moontlike aksiestappe ten opsigte van die opleiding en toerusting van ouers in Kaapland te loods; en

- * 'n organisasiestruktuur te skep vir die verkiesing van ouerverteenwoordigers in die Provinsiale Onderwysraad in Kaapland.

4.7.3.2 Funksies van streeksbesture

Volgens die funksies soos opgeneem in die Konsepgrondwet vir Streeksbesture (artikel 3), beywer die streeksbesture hulle om:

- * deur kongresse of andersins kennis te neem van leemtes of behoeftes in die streek en om dit onder die aandag van sy verteenwoordigers in die Onderwysraad of die Hoofsuperintendent van Onderwys in Kaapland te bring;
- * hulle te beywer vir die verbetering en uitbouing van die onderwys in die streek, vir doeltreffende onderwysvoorsiening en die handhawing van gesonde standarde in die onderwys;
- * kongresse of simposiums te reël op streeks- of gedentraliseerde basis oor onderwerpe wat die ouer en sy opvoedingstaak raak;
- * om hom te beywer vir nouer samewerking tussen ouerhuis en skool; en
- * toe te sien dat 'n behoorlik gekonstitueerde kongres elke drie jaar gehou word waartydens verteenwoordigers vir die Onderwysraad gekies word.

Die volgende vraag ontstaan onwillekeurig: Kan die voorgestelde model vir ouerverteenwoordigende liggame enigsins slaag?

4.7.4 Die Afrikaanse Ouervereniging en die ouerverteenwoordigende liggame in Kaapland

Elke Christen-ouer het die reg om sy eise met betrekking tot ouermedeseggenskap uit te oefen. Die Christen-Afrikanerouer behoort jaloers te waak oor sy Christelike erfenis en moet op die behoud van sy nasionale erfenis

aandring. Indien die Christen-Afrikanerouer sy medeseggen-skap prysgee en sy plig nie nakom nie, kan onherstelbare skade berokken word aan die opvoeding en onderwys van sy kind. As daar in die toekoms verwyte uitgedeel word, sal dit voor die deur van die ouergemeenskap gelê word (Franzsen, 1984 : 74).

Die Afrikaanse Ouervereniging in Kaapland het reeds voor verskeie probleme te staan gekom (sien par. 4.6.4). Met die daarstelling van 'n organisasiestruktuur vir ouerverteenwoordiging op streeks- en provinsiale vlak deur die Departement van Onderwys in Kaapland, is 'n definitiewe struikelblok in die weg gelê. Nie net erken die Departement van Onderwys in Kaapland die nuwe struktuur van ouerverteenwoordiging nie, maar is al die ouers in Kaapland deur demokraties verkose skoolkomitees verteenwoordig in die hele organisasiestruktuur vir ouerverteenwoordiging (sien par. 4.7.2).

Die Departement van Onderwys het in Kaapland 'n organisasiestruktuur van ouerverteenwoordiging vir Blankeskele geskep. Indien die Departement van Onderwys in Kaapland nie inmeng met die werksaamhede van die nuwe organisasiestruktuur van die ouerverteenwoordigende liggaam en die liggaam die geleentheid bied om op sy eie te ontwikkel, kan die ouerverteenwoordigende liggaam:

- * namens die Blanke-ouers omsien na differensiasie in verband met religie, lewensopvatting, kultuur en taal in die onderwys (sien par. 4.2.2.3); en
- * as gevolg van die feit dat lede gekies word uit die demokraties verkose skoolkomitees van al die skole in Kaapland, in die toekoms met genoegsame gesag dien as mondstuk vir al die Blanke-ouers in Kaapland. 'n Belangrike voorwaarde is dat die skoolkomitee aan sy ouergemeenskap verslag sal moet doen.

Die Onderwysdepartement van Kaapland kan nie verwag dat die ouerverteenwoordigende liggaam hom moet hou by die uiters beperkte soewereine (demokraties bepaalde) regte en funksies van die skoolkomitees soos deur die Ordonnansie bepaal word nie. Dit sal beteken dat die Onderwysdepartement van Kaapland inmeng op die terrein van die ouerverteenwoordigende liggaam. Inmenging bring oorheersing en nie soewereiniteit nie (sien par. 4.7).

Die Afrikaanse Ouervereniging verteenwoordig slegs 'n gedeelte van die ouergemeenskap van Kaapland. Dit bring mee dat die Afrikaanse Ouervereniging nie met groot gesag kan optree nie en dat ernstig moet besin oor sy voortbestaan. Die Afrikaanse Ouervereniging kan egter daarop roem dat hy uit die ouergemeenskap geïnisieer is en dus aan niemand anders as die ouers se verantwoordelik is nie.

4.7.5 'n Prinsipiële beskouing

Die staat en die ouerhuis is twee belangrike samelewingsverbande betrokke by opvoedende onderwys. Samelewingsverbande soos die ouerhuis en die staat is gelykwaardig. Geen enkele samelewingsverband, soos byvoorbeeld die staat, mag as die oorkoepelende of oorheersende verband aanvaar word nie, want sodoende kom die beginsel van soewereiniteit in eie kring (sien par. 2.3.3) in gedrang. Die staat sal dus buite sy bevoegdheidsterrein optree. Inmenging van die een op die terrein van die ander gee oorheersing en nie soewereiniteit nie. Inmenging lei eerder tot botsing (Schutte, 1984(a) : 53). Die vraag ontstaan in watter mate die Departement van Onderwys die ouerhuis se soewereiniteit gaan erken en die geleentheid gaan bied om ongebonde deur middel van die streeksbesture medeseggenskap by opvoedende onderwys hê.

Met die verskyning van die Verslag van die hoofkomitee van die RGN-ondersoek na die onderwys, (1981), het een saak duidelik na vore gekom. Daar sal in die toekoms van die ouer verwag word om veral op die derdevlak van onderwysbeheer betrokke te raak by die opvoedende onderwys van sy kind. Verskeie beginsels wat in die verslag aanvaar is, dui op groter betrokkenheid deur die ouer (vgl. par. 4.2.2).

In die RGN-ondersoek na die onderwys in die Republiek van Suid-Afrika (1981) word aan die Christengelowige ouer genoeg ruimte gelaat sodat sy Christelike lewens- en wêreld-beskouing tot sy reg kan kom. So byvoorbeeld is dit die Christengelowige ouer se plig om te sorg dat sy kind, as kind van die Verbond, in die Christelike leer en in 'n Christelike ouerhuis onderrig moet word. Die verslag laat hiervoor ruimte soos byvoorbeeld:

- * beginsel 2 (sien par. 4.2.2.3) waarin die religieuse diversiteit binne die bevolkingsamestelling van die land erken word;
- * beginsel 3 (vgl. par. 4.2.2.4) waarin die keusevryheid van die ouers in die onderwys vir hulle kinders erken word; en
- * beginsel 8 (sien par. 4.2.2.8) waarin die staatgesubsidieerde privaatskole 'n moontlikheid word.

Die Regering het in 1981 kommentaar gevra oor die RGN-ondersoek na die onderwys in die Republiek van Suid-Afrika. 'n Afrikaner-onderwyskongres is vanaf 18 tot 20 April 1982 in Bloemfontein gehou. Die Kongres:

- * beklemtoon die belangrikheid van die beginsel van ouer-medeseggenenskap in die onderwys en het versoek dat betekenisvolle verwerkliking daarvan in raadplegingsliggame, statutêr en andersins, op alle bestuursvlakke in die onderwys positief nagestreef word, maar sonder om die onderwyser se professionele status aan te tas (vgl. par. 4.3);

- * aanvaar die besluit dat oerseggenskap in statutêre onderwysrade soos deur die RGN-onderzoek aanbeveel is vir Onderwysbestuur op die derdevlak, uitgebou moet word (sien par. 4.2.3.4);
- * besluit dat oerseggenskap meer beslissend van aard moet wees ten opsigte van onder andere sake soos:
 - die aanbeveling vir die aanstelling van onderwyspersoneel,
 - die toelating van leerlinge tot 'n bepaalde skool, en
 - die bepaling van die gees en rigting wat by skoolonderwys geld en nie-professionele onderwysaangeleenthede aan 'n skool; en
- * die besluit om die verantwoordelikheid vir die stigting van 'n landwyse, onafhanklike oervereniging vir die handhawing en bewaring van die Christelike, volkseie en kultuurgebonde opvoeding en onderwys op informele, formele en nie-formele vlak te aanvaar.

Voortspruitend uit die besluite op die Afrikaner-onderwyskongres word daar op 21 Julie 1982 'n konsepkonstitusie vir die Afrikaanse Oervereniging goedgekeur.

Dit blyk dat die Afrikaanse Oervereniging in Kaapland nog probleme het (vgl. par. 4.6.4). Die organisering is nog in 'n beginstadium. Dat die Afrikaanse Oervereniging in Kaapland in die toekoms op onderwysgebied 'n belangrike rol kan speel, is nie te betwyfel nie. Die Afrikaanse Oervereniging moet, in plaas van om dit vanaf die onderwysbeheer op eersteplak na die onderwysbeheer op derdevlak (plaaslike vlak) te laat afwentel, op plaaslike vlak begin (vgl. par. 1.2 en 4.2.3.1). As ouers in al groter wordende sirkels georganiseer word, sal die Afrikaanse Oervereniging 'n organisasie van die oergemeenskap word en nie 'n organisasie wat van bo af op hulle afgedruk word en waaraan hulle geen deel wil hê nie.

Die Witskrif oor Onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika, (1983), bepaal dat onderwys 'n eie saak sal wees. Daardeur word eie kultuurgroepe erken (Suid-Afrika (Republiek), 1983 : 5). Die Blanke Christen-Afrikaner het dus nie net die reg om homself te organiseer om die opvoedende onderwys te dien nie, maar het ook bepaalde verpligtinge teenoor die opvoedende onderwys. Die Blanke Christen-Afrikaner in Kaapland moet waak dat die beginsel van religieuse en lewensbeskoulike differensiasie in Blanke skole nie verwaarloos word of tot niet gaan nie.

Uit die voorafgaande paragrawe blyk dit dat die Afrikaanse Ouervereniging 'n belangrike leemte in die onderwysbedeling in Suid-Afrika, en in besonder Kaapland, kan vul. In die Afrikaanse Ouervereniging is die nodige strukture geskep waardeur die ouer die besondere take ten opsigte van die opvoeding en onderwys van sy kind kan uitvoer, soos deur te waak oor die gees en rigting van die skool. In die Afrikaanse Ouervereniging het die ouer 'n belangrike spreekbuis verkry asook 'n vereniging wat aan die ouer self verantwoordelik is.

Daar is ook aangetoon hoedat die Departement van Onderwys in Kaapland die inisiatief geneem het en streeksbesture vir skoolkomiteelede gekonstitueer het. Deur die demokraties verkose skoolkomitees te betrek by die kies van die streeksbesture is die hele ouerkorps in Kaapland betrek (vgl. par. 4.7.3). Die vraag bly egter steeds staan: Aan wie gaan die streeksbesture verantwoordelik wees - die onderwysdepartement of die ouer? (sien par. 4.7.4).

Die ouer kan tans óf deur die Afrikaanse Ouervereniging óf deur die streeksbesture vir skoolkomiteelede 'n verantwoordelike bydrae tot die gesprek rondom onderwysbeheer maak. Die ouer in Kaapland kan op 'n georganiseerde en

volwaardige wyse seggenskap kry in die opvoedende onderwys van sy kind én in die beplanning daarvan sonder om te oortree op die professionele vlak van die onderwys (sien par. 4.2.3.5).

Al die fasette wat hierbo genoem is, word van bo af (van owerheidsweë) geïnisieer en gestuktureer. Die eintlike betrokkenes by die opvoedende onderwys, die ouers, is meestal nog passief. Dit skep uiteraard 'n probleem.

In hoofstuk 5 word vervolgens die primêre doelstelling en verwante doelstellings geëvalueer en tot gevolgtrekkings en aanbevelings gekom.